

Die hand op die mond.....

Gelowig nagedink oor gedeeltes uit die Boek Job vir die Lydingstyd

Inhoud

1. Geen Verstands-“oplossings”	3
Job 1; 42:10-17.....	3
2. God in die beskuldingsbank?	5
Job 23:1-17.....	5
3. Moet nie te gou sê jy praat namens God nie – luister eers!.....	8
Job.25:1- 26:4.....	8
4. Waarom-vrae verander in aanbidding.....	11
Job 26:5-14.....	11
5. Om oorhoops te wees met God.....	14
Job 27:1-23.....	14
6. Wysheid is om in 'n besondere verhouding met God te staan	18
Job 28:1-28.....	18
7. Nou verstaan ek glad nie!	22
Job 29:1-25.....	22
8. God ingesleep by die lyding van mense?	25
Job 30:1-31.....	25
9. Skuldig? Vrede met God	29
Job 31:1-40.....	29
10. Nou het ek U self gesien	32
Job 38 - 42	32

1. Geen Verstands-“oplossings”

Job 1; 42:10-17

Nie een van ons kan die dood ontglip nie. Wanneer jy egter die dag met die dood gekonfronteer word, dink jy na oor die lewe – oor lewensvrae, waarop ons graag antwoorde sou wou hê. Ons sien soos deur glas, vertel die bekende 1 Kor. 13: dofweg, vaag, verwronge. Ons dink ons sien, maar verstaan so min. Ons dink ons wéét, maar weet nie regtig nie, want ons – en ons verstand – is hopeloos te klein. God en sy daade is bo ons vuurmaakplek. Ons kan God nie klein kry nie. Ons dink so gou ons verstaan, ook mekaar, maar misgis ons so maklik, oordeel en veroordeel bolangs, is soms só verkeerd – dikwels wanneer ons op ons sekerste is. Kén ons mekaar werklik – hulle wat die naaste aan ons is? Verstaan ons mekaar se harte, mekaar se drome, vrae, vrese, en op 'n dag soos vandag, mekaar se emosies?

Die verhaal van Job is seker die mees betroubaarste verhaal oor ons menswees in die hele Bybel. Dit is nie maar net die verhaal van iemand lank-lank gelede. Dit is ons verhaal. Dit is die verhaal van die lewe – en ons as mens se worsteling om iets daarvan te verstaan.

Die begin van die verhaal is eenvoudig:” In die land Us was daar 'n man (dit kon ook 'n vrou gewees het) met die naam Job. Hy was vroom en opreg en het God gedien en die kwaad vermy. (Job1:1) Dit was iemand wat 'n pad saam met God geloop het. Eintlik sê ek dit verkeerd: dit is God wat met hom 'n pad geloop het. Nee, nog steeds is ek nie heeltemal reg nie. Het die profeet Amos dan nie vir ons gesê dat twee nie kan saam loop, as hulle dit nie met mekaar afgespreek het nie?

En die einde van die verhaal is net so eenvoudig, so verskriklik menslik: “Job het toe gesterf. Hy was oud en het 'n vol lewe gehad” Tussen die begin en die einde van die verhaal het daar egter ontsaglik baie gebeur. Die mens aan die einde van die verhaal was nie dieselfde as aan die begin van die verhaal nie. Sy saamloop met God het 'n stuk groei in hom laat gebeur. Dieselfde mens van wie aan die begin gesê dat Hy vroom en opreg was, van wie God self gesê het: “Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad,” moes teen die einde erken: "Ek is nie opgewasse teen U nie. Hoe sou ek U kon antwoord? Ek sal liever stilbly. Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as." Ou Vertaling: “Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.”

Hoe gebeur hierdie groei? Dit gebeur wanneer jy met God begin praat, openlik eerlik, jou emosies en vrae voor God verwoord, selfs 'n uitval met God mag hê, oop en ontvanklik voor God, sonder maskers. Dit is die voorspel van die "vol lewe" in-wording waarvan die einde van Job vertel. Uiteindelik het hy self na God geluister, sy vrae begin beantwoord, ontdek dat sy vragies klein is teenoor God se groot vrae. Dit getuig van iemand wat voluit saam met God gelewe

Ongelukkig gebeur dit ook dat ander mense in die pad kom staan van jou groei na God toe. Dit is die beterweters, wat altyd die regte antwoord het, wat presies weet. Dit is mense wat God in 'n eenvoudige teologiese formule probeer vasvang: “Soet kinders gaan hemel toe en stout kinders gaan hel toe” God word gedegradeer tot blote Regter, wat net volgens een reël werk: Boontjie kry sy loontjie! Juis dit word deel van jou stryd. Dit veroorsaak

verwarring, bitterheid, en laat mense twyfel oor God se teenwoordigheid en veral aan sy liefde. Dit kan jou dryf tot 'n rebellie teen God. So kan mense soos Job voel en dink: God is nie teenwoordig nie, daarom ly ons.

Weer eens die goeie nuus: Dit mag! 'n Mens mag in sy bitterheid vra “waarom” en God respekteer dit. Jy mag jou vrae voor Hom verwoord en Hy luister daarna. Dit is dan net genade as jy dan teruggryp na die kern van die evangelie, die goeie nuus. “Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer!” Ek het 'n Verlosser nodig, Een wat opkom vir my belange, wat my deur en deur ken, wat weet watter maaksel ek is, gedagtig daaraan dat ek stof is. Ons het 'n behoefte aan 'n Verlosser wat óns lyding op hom geneem, óns siektes het Hy gedra, tot aan die kruis op Golgota en toe daaroor geskryf het: “Dit is volbring! Dit is betaal! Die skuldbrief is aan die kruis vasgespyker.

Dit help ons om voor Hom te staan, om maar net sonder reserwe op God se belofte en getrouheid te steun. Dit is 'n Godsdiens wat werk. Dit help ons om nie klaagliedere te sing nie, maar lofliedere. Deur al ons verskillende emosies, gedagtes, en aksies te verwoord, herontdek ons wie God is en wie ons is. Dan kan ons ons tog lofliedere sing, liedere wat ons terugneem na God se bevrydende teenwoordigheid "toe": Toe die sterre saamgesing en al die hemele gejubel het oor God se bedoelinge met 'n mensegemaakte kruis, waaraan Christus aan gehang het, wat begrawe is, maar weer uit die graf opgestaan het, as Here en Verlosser om ons voorspraak in die hemel te wees.

Hierdie troos vind nie met ons verstand wat logiese antwoorde probeer nie vind nie, maar in die geloof. Die antwoord is 'n ervaring van die teenwoordigheid van God, wat uiteindelik vra en ons moet antwoord. Dit bestaan daarin dat mens jou, te midde van die raaisels, eenvoudig maar oorgee in die hande van God. Daardie ervaring lê ander kant alle verstands-“oplossings” en maak hulle dus oorbodig. So kry vraende en miskien selfs opstandige lyers geen oppervlakkige toe-maar-troos nie, maar 'n boodskap van diepe aanvaarding wat selfs deur die diepste twyfel en rebellie heen tot die besef kom wie God werklik is – 'n Genadige en barmhartige God wie se liefde geen einde het nie.

2. God in die beskuldingsbank?

Job 23:1-17

In my lewe was daar 'n paar begrafnisse waarteen ek geweldig opgesien het, waar ek liewerster niks sou wou sê. Miskien sou dit die beste gewees het om maar net soos Job se vriende aan die begin maar net by die betrokke mense te gaan sit sonder om 'n woord te sê. Die oomblik as jy waag om iets te sê, loop jy die risiko om soos Job se vriende verkeerd te praat – verkeerd te praat oor God, en verkeerd praat teenoor 'n mens wat alreeds op die ashoop sit, wat al reeds so oneindig seer gekry. Dit wat gebeur is erg genoeg om maar net jou hand op jou mond te sit, soos Job self aan die einde van verhaal vir die Here te sê: "Ek is nie opgewasse teen U nie. Hoe sou ek U kon antwoord? Ek sal liewer stilbly."

Miskien moet ons daarom maar net luister na wat Job gesê het, iets probeer begryp van sy naamlose smart en sy nie-verstaan van alles wat met hom gebeur het nie. Job gee nie vir ons slim antwoorde op die raaisels van die lewe nie. Hy worstel maar net met God, omdat hy nie verstaan en nie kan en wil vrede maak met die goedkoop antwoorde van sy vriende nie.

Job begin, deur dit te doen wat ons dalk so baie doen: om God in die beskuldigdebank in te ruk, van Hom antwoorde te probeer ontpers: "Ek kla nog steeds uit opstandigheid, ek kan nie ophou kla nie. As ek maar geweet het waar om God te vind, sou ek na sy woonplek toe gaan en my saak voor Hom lê, my pleidooie aan Hom stel. Ek sou van Hom antwoord probeer kry, probeer verstaan wat Hy vir my wil sê."

Maar sy groot probleem is, hy kan nie vir God kry nie. God is afwesig. Dit voel vir hom of God ver is – nou dat hy God nodig het is Hy ver, het Hy soek geraak: "Maar gaan ek na die ooste toe, Hy is nie daar nie, na die weste, ek kry Hom nie. Sou Hy in die noorde aan die werk wees, ek vind Hom nie daar nie, sou Hy na die suide toe draai, ek sien Hom nie." Hy ervaar dieselfde as wat die digter van Ps. 10 ervaar het: "Waarom staan U so ver weg, Here? Waarom trek U U terug in tye van nood? Psalm 13 se digter het dieselfde soort vrae gevra: "Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk?" Ook Jesaja het gekla oor God wat Hom verborge hou.

Dit is wat ons baie keer ervaar. Juis in die tye wat ons so seerkry, voel dit vir ons asof God ver is, asof Hy nie hoor as ons bid, asof Hy blind is vir ons pyn. Ons ervaar dit ook. God doen anders as wat ons wou dat Hy sou doen, anders as wat ons wil dat Hy moes doen. Hy doen wat Hy wil sonder om ons te raadpleeg. Hy verskyn, volgens ons ervaring, nie met die vriendelike gesig, soos baie mense oor Hom praat nie asof Hy altyd gebede verhoor nie. Vir Job, en ook baie keer vir ons, is Hy geen Hoorder van die gebed nie. Saam met Job sug ons oor hierdie hardheid van God wat ons soms ervaar. Die Engelse Skrywer C.S Lewis skrywe ten tye van sy groot hartseer oor sy vrou se dood aan kanker: "Intussen, waar is God? Dit is een van die verontrustende vrae. Wanneer jy gelukkig is, so gelukkig dat jy voel dat jy Hom nie nodig het nie as jy met ope arms verwelkom word, so voel dit altans. Maar gaan jy na Hom wanneer jou nood op die hoogste is, wanneer alle ander hulp tevergeefs is, en wat vind jy? 'n Deur wat in jou gesig toegeslaan word en die geluid van 'n slot wat gesluit word aan die binnekant. Daarna stilte. Jy kan net sowel om draai. Hoe langer jy wag, hoe meer nadruklik word die stilte."

Selfs in sy grootste pyn en vertwyfeling hou Job aan God vas. Ten spyte van dit wat met hom gebeur het, kom hy nie so ver kom om in 'n God te glo wat wreed en onregverdig is nie. Daarom dring hy as't ware aan om God se kant van die saak te hoor. Maar God was nêrens te vinde nie. Nêrens in Job verduidelik God sy optrede aan Job nie. Job het net die ydele gekerm van sy vriende gehoor en daarna die verskriklike leë stilte. Die deur is in sy gesig toe geklap.

Die wonder van Job se lewe is dat Hy ten spyte van hierdie deur ons ervaar hardheid van God nogtans aan Hom vasklou. Dit is asof Job hier te midde van sy seerkry, ook maar weer in raaisels praat. Aan die een kant sê dat Hy nie God kon kry nie, selfs nadat hy in alle windrigtings na Hom op soek gegaan het. Maar aan die kant: God ken Hom. Hy ken sy pyn, sy hartseer. Hy ken sy hele lewe, sy manier van lewe. Hy ervaar dieselfde as Asaf in Ps. 73. Toe Hy dit vir Hom gevoel het of God ver was, ontdek Hy skielik God was nog al die tyd hier by hom: "Tog was ek nog altyd by U, want U vat my aan die hand. U lei my met u raad en aan die einde sal U my in ere by U opneem." (Psalm 73:23-24). Prof. Kroeze het gesê Job het met God geveg om God te kon behou. Dit is juis dit wat ons by Job moet leer: Jy kan enige-iets vir God sê. Konfronteer Hom met jou hartseer, woede, twyfel, bitterheid, gevoel van verraad, teleurstelling – Hy kan dit vat, mits jy met Hom praat en nie net oor Hom praat nie.

Job sukkel maar net soos ons met die onverstaanbaarheid en die skynbaar onveranderbaarheid van God – die God wat aan niemand 'n verduideliking verskuldig is. "Hy bly dieselfde, wie kan Hom teenstaan? Wat Hy wil, doen Hy. Wat Hy oor my besluit het, sal Hy doen, wat sy planne met my ook al is." Soos Job staan ons maar net vreesbevange voor Hom, probeer ons verstaan, maar bly Hom vrees.

Job kom hier tot die dieselfde slotsom as waartoe God hom aan die einde van die boek bring: God is vrymagtig. Hy mag met sy skepping maak wat Hy wil, sonder om iemand 'n verduideliking te gee. Want Hy is God ... en ons mens. Die enigste verskil tussen nou en die einde van die boek is dat hy nou nog nie vrede daarmee gemaak het nie. Presies wanneer hy daarmee vrede gemaak het leer ons uit sy eie belydenis: "Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien." Dit wat uiteindelik die vrede vir hom laat aanbreek was nie woorde nie, nie dié van sy vriende en selfs ook nie ook nie stroom vrae wat God uit die storm op hom afgeskiet het nie, maar wel die feit Hy God self ervaar het. Toe dit gebeur, kon hy op 'n ander manier oor God begin praat: "Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My. Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as." (Job 42:2-6)

Job se groot vraag in sy stryd was: Is daar iemand daar buite? Dit is wat Hy aan die einde ervaar: God is daar! En Hy ken my! En alles wat met my gebeur het, spreek van sy uitnodigende liefde. En die merkwaardige: Toe was Job heeltmaal tevrede dat God hom nie werklik geantwoord het nie.

Op die ou einde, so glo ons mos, was dit God self wat in ons skoene kom inklim het, self ons pyn en ons hartseer op Hom geneem het. Iemand wat ook oor die vraag na ons seerkry gewonder het, het die ontdekking gemaak: "Op een of ander onverklaarbare wyse

is God self gekonfronteer in Getsémané en op Golgota met die onverstaanbaarheid van God. “God in stryd met God”, is hoe Maarten Luther dit opgesom het. In daardie donker nag het God self agtergekom hoe dit voel om van God verlate te wees.” En net daarom hoef ons nooit meer van God verlate te wees nie.

Dit ontdek jy as jy uiteindelik by God self uitkom, in jou worsteling met Hom, met Homself gekonfronteer word, Hom uiteindelik ontmoet, “van aangesig tot aangesig, soos die Ou Vertaling dit sê. Dan ontdek jy: **Daar is iemand buite.** Daar is iemand wat my liefhet. Iemand wat naby my wil wees. Dan kan jy weer hoop, weer voel: Alles is nuut. Dit is die moeite werd om te lewe!

3. Moet nie te gou sê jy praat namens God nie – luister eers!

Job.25:1- 26:4

As jy klaar uit die Bybel gelees; het God nie al klaar met julle gepraat nie? Of as jy na 'n preek luister wat verwag jy? Verwag jy die prediker moet nou namens God met jou te praat? Is dit billik? Kan julle dit van hom verwag? Is dit nie 'n bietjies te veel gevra nie? Kan 'n nietige mens ooit om namens God praat? Hoe weet hy wat God vir julle wil sê? Kan hy dit weet? Hoe sal hy weet wat leef in God se hart, sodat hy dit kan sê?

Hy kan dalk hoogstens oor God met julle praat. Selfs dit is 'n waagstuk. Die Switserse teoloog Karl Barth het gesê ons het 'n probleem. Ons moet oor God praat, maar ons kan nie, want ons is mense. Ons was nie in die raadsaal van God nie. Ons weet nie eers wat leef in sy hart nie. Ons weet nie eers of Hy met ons wil praat nie. Wie sê Hy wil nie liewers swyg nie, dat Hy liewers nie met ons wil praat nie? Elkeen wat waag om oor God wil praat, loop die gevaar, om te hoor, soos Job vir Bildad gesê het: "So what?" Jy raak my nie. Jy help nie. Jy sê niks vir my nie. Dit is presies wat met Bildad gebeur het. Hy het met Job oor God praat. Ons is by voorbaat bevooroordeeld oor Bildad en sy maats. Ons weet, want die Bybel sê dit vir ons, dat hulle nie reg gepraat het oor Job nie. Tog moet ons eers mooi luister wat hy sê. Die verkeerd praat lê nie in dit wat hy sê nie. Dit wat hy sê is volkome reg. Hy praat oor God en dit wat Hy sê is reg. Ons glo dit ook. Hy sê: "Die heerskappy en die vrees kom God toe." God regeer en jy as mens moet voor Hom buig in vrees en bewing. Jy moet Hom gehoorsaam. Hy sê verder: "Uit sy hoë hemel gee Hy vrede." Ons glo dit mos ook. Hy raak verder verwonderd oor God se mag en majesteit: "Kan die magte waaroor Hy beskik, bereken word? Oor wie skyn sy lig nie?" Soos ons bely hy die erfsonde. Hy sê uit ons self staan ons skuldig voor God. In sy teenwoordigheid is alles wat ons gedink het blink, vaal en weet ons, ons is nietig, onbeduidend klein: "As vir God selfs die maan nie helder is nie en die sterre nie blink genoeg nie, hoeveel te minder 'n mens, 'n blote wurm, 'n mensekind, wat maar net 'n ruspe is?"

Dit is mos alles waar. Bildad praat die waarheid. Hy ken sy teologie. Hy is 'n kenner van sy vakgebied, 'n kundige. Hy weet waarvan hy praat. Wat gaan aan met Job? Hoekom vra Job sarkasties vir Bildad: "Het jy nou dié een gehelp wat nie krag het nie? Het jy nou dié een bygestaan wat nie sterk is nie? Het jy nou raad gegee aan een wat nie wysheid het nie? Het jy groot insig laat blyk?" Het Bildad dan so verkeerd gepraat? Het hy iets oor God gesê wat nie waar is nie? Vir my klink dit tog nie so verkeerd nie. Wat is dan nie reg aan sy praat nie?

Ek dink ons moet die antwoord gaan soek in die feit dat Job op die ashoop sit. Waar jy sit, is nogal belangrik vir jou hoor. Job se hele lewe het in duie gestort. Hy is verward. Hy is stukkend. Hy soek antwoorde. Hy vra vrae. Hy worstel met God. Hy veg met God om God te behou, het Prof Kroeze gesê. Dan, en daarin lê ook ons troos, en dan praat God nie met 'n mens soos Bildad met Job praat nie. Dan bestorm Hy hom nie met teksverse, met cliché-antwoorde nie, met hoë teologie wat wel alles waar is maar wat oor sy kop heengaan nie en nêrens grond raak nie. As alles in jou stukkend is, troos God jou nie met vae algemene waarhede nie. Nee, dan wil Hy met jou praat van aangesig tot aangesig – so het Job later erken dat God met hom gepraat het. Hy wil met jou op die ashoop praat

– daar waar jou lewe in duie stort, daar waar jy na God vra, daar waar jy nie altyd antwoorde het nie, daar waar jy sukkel om te verstaan en te glo.

U sien dus Bildad se probleem was dat hy gepraat het voordat hy geluister het. Al het hy volgens Job.2:13 sewe dae en sewe nagte by hom gaan sit sonder om 'n woord te sê, het hy en sy vriende nie geluister toe hy begin praat het nie. Hulle het niks van sy seer, sy verwarring, sy worsteling gehoor nie, maar met 'n spul teologie – goeie teologie – op hom afgespring. Omdat hulle nie geluister het nie, het hulle niks gehad om vir hom te sê wat hom sou help nie. Al het hulle baie oor God te sê gehad nie, kon hulle nie namens God met hom praat nie. Verstaan jy nou hoekom Job vir Bildad vra: "Met wie se hulp het jy gepraat? By wie het jy gehoor wat jy gesê het?" Jy praat nie namens God nie. Jy praat maar vanuit jou beperkte insig oor God, oor jou eie klein verstaan van God. Maar jy verstaan niks van my seer, my worsteling, my soeke na God nie.

Presies dit is ons verleentheid. Mense verwag van 'n dominee om namens God met hulle praat. Maar heel waarskynlik het hy te min geluister, te min verstaan van mense se ashoop-lewe. Elke mens het sy eie lewe, met eie vreugdes, eie hartseer, eie stukkie geskiedenis, sy eie vrae, eie worstelinge met God. Daarom loop iemand wat dink hy praat namens God maklik bo oor mense, met sy baie teologie en al, want hy het nie goed genoeg geluister. Ons ken mekaar dikwels nie goed genoeg nie – miskien net van hoor-sê.

Dit is elke prediker se verleentheid nie. Dit is die hoorders se verleentheid, want dit is nie net die betrokke prediker wat oor God met mense moet praat nie. Ook die kerkgangers het mos die opdrag: "Julle sal my getuies wees." Daarom sal ook hulle met mense wil en moet praat oor God se omgee. Nou is die vraag: hoe moet ons praat? Tog net nie soos Bildad nie: Om baie oor God te sê hê, maar dit alles is vaag, hang in die lug, raak nie grond in die konkrete situasie waarin ons met die betrokke mense moet praat nie. Nee, ons moet eers luister – luister na die emosies, die seerkry, die vertwyfeling, die worsteling om God se wil, die soeke na God. Dit maak alles van ons praat 'n waagstuk. Om namens God met 'n mens te praat, is altyd 'n waagstuk – 'n waagstuk wat jy alleen kan onderneem as jy eers klein voor God geword het, so klein dat jy gedwing is om ook na Hom te luister. Ek kan nooit na 'n mens gaan in eie krag, met eie wyskede, my eie standpunte nie, my eie vaardighede nie. Nee, ek gaan biddende, luisterende – luisterende na die nood van die mens en luisterende na God.

Is dit nie dalk 'n te groot waagstuk nie? Moet ons ons nie liewers daaruit hou nie? Dit aan ander oorlaat nie, ons self onbevoeg verklaar nie en onttrek nie? Nee, dan het ons nog niks verstaan van God se praat met ons nie.

Dit is juis die feit dat God met ons gepraat het, wat ons die moed gee om ook te kan praat. Kan ek jou herinner aan God se praat met ons? Hoe het God met ons gepraat? Nee, Hy het nie vanuit die hemel op ons geskreeu nie. Hy het ook nie van bo af op ons afgeklim met hoë teologiese taal nie. Nee, Hy het saam met Job op die ashoop kom sit. Hy het as

die groot Lydende Job se lyding op Hom geneem. Heb 1:1 sê: "In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun." In Jesus Christus het God in Job se skoene kom inklim, het hy die blinde Job se oë geopen, die kreupele Job laat loop, die melaatse Job toegelaat om Hom aan te raak, die hongerige Job gevoed. In die tuin van Gelsemine het Hy Job se eensame worsteling om die wil van God te verstaan, gestry, om uiteindelik aan die kruis van Golgota Job se wanhoopskreet oor te neem: "My God, my God, waarom het U verlaat?"

As jy dalk dié Job is wat aan die voet van die kruis die voorreg gehad om te sien het hoe lyk die hart van God, as jy daar gehoor het hoe sag en liefdevol Hy met ashoop-mense kon praat, raak jy dalk bewus van die dwang van die liefde, daardie liefde wat jou nou uitdryf na die ander ashoop-mense van die lewe. Miskien het jy dan daar geleer om nie van bo af met jou teologie op 'n ander sukkelende Job af te klim nie, maar verstaan jy dan hoe om van onder af te kom, om 'n skouer te word waarop hy kan huil en sy smart en vertwyfeling kan uitsnik, terwyl jy maar net luister. Dan kan jy dalk, al huiwerende, miskien stotterende, hakkelende, sonder groot woorde begin vertel van God se groot omgee – die omgee wat ook jy ervaar het.

4. Waarom-vrae verander in aanbidding

Job 26:5-14

Ek is seker jy het al baie gewonder oor God. Jy het al baie oor God nagedink. Jy was ook al besig met die raaisel "God" Jy het miskien al besluit: Jy verstaan God nie. Maar jy sal dit nooit openlik erken nie. Goeie Christene mense dink nie eers sulke gedagtes nie! Maar vir jou is daar net eenvoudig te veel raaisels in die lewe. Hoe kan die kerk sê God is 'n God van liefde, en intussen speel die een ramp na die ander op ons aarde af. Dertig duisend mense sterf in 'n aardbewing in Indië. In Mosambiek moet uitgehongerde mense weer eens voor die vloedwaters uitvlug. Duisende vlugteling moet in vlugtelingkampe gehuisves word omdat volkere oor diamante baklei. Selfs in ons land is daar min mense wat nog nie die slagoffer was van die vlaag misdaad wat oor land spoel nie. Of miskien wonder jy oor die seer in kinders se oë as die huwelike van hulle ouers vir hulle net pyn en hartseer en vertwyfeling bring. Of was jy miskien verbysterd oor iets wat deesdae nog te veel voorkom, 'n tiener selfmoord. Miskien vra jy, maar hoekom keer God nie sulke dinge nie. Die kerk sê mos God is almagtig. Hy kan alles doen. Nou sukkel jy om te verstaan. Jy probeer God se liefde rym met sy almag. As God liefde is, en as Hy almagtig is, hoekom gebeur al hierdie dinge.

Dit is presies wat Job in hierdie gedeelte probeer doen. Hy wil maar net God verstaan.. Nou is selfs hierdie gedeelte nie so maklik om te verklaar nie. In die eerste plek is dit 'n gedig. Dis poësie en boonop 'n baie ou gedig en dit bevat baie mitiese elemente. Daar verstaan jy al klaar nie wat ek sê nie. Kom ek probeer verduidelik. Omtrent elke volk ter wêreld vertel stories en legendes vir hulle kinders. Hierdie mites wil baie kere dinge wat ons sien, probeer verklaar. So het die ou Israëliete ook stories vertel. Daarmee wou hulle ook verklaar waar alles vandaan kom. Van hierdie stories het ook gehandel oor die skepping van alles. Dan was daar veral een storie wat geweldig gewild was oor hoe die Here alles gemaak het. Op die talle plekke in die Ou Testament kry ons aanduidings dat hierdie storie ook deel was van die ou Jode se geloof. Die storie lui min of meer soos volg. Daar, heel aan die begin, was die aarde oordek met water. Alles was see. Alles was chaos en deurmekaar. Al die chaos is veroorsaak deur groot monsters wat in die water gebly het, die seegod (Yam), Tiamat en die Leviatan. Ons kry 'n goeie aanduiding van die storie in Gen. 1 as daar in die Ou Vertaling staan: "En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die water.. " As jy dit nog boonop in Hebreeus lees kom jy boonop op 'n woord af wat baie klink soos die naam van die seemonster Tiamat. Skielik op 'n dag het God op die toneel verskyn en in 'n geweldige stryd verslaan Hy die seemonsters en begin dan stelselmatig orde in die wêreld skep. Alles kry 'n plek, dag en nag, die see en die land en Hy begin die aarde vul met grassprietjies, plante en bome en diere en uiteindelik die mens. En in die lug plaas Hy die sterre en die son en die maan om lig verskaf. As Job nou sy gedig oor God skrywe vleg hy elemente van die hierdie storie in sy gedig in.

Nou kan ons die storie agter hierdie aangrypende gedig vertel. Job sit op die ashoop. Hy is verslae. Sy lewe het in duie gestort. Op een enkele dag het hy alles verloor wat hy gehad het: Al sy 500 paar trekosse en die vyfhonderd donkies en die slawe wat daarmee gewerk het, al sy sewe duisend stuks kleinvee en die wagtters wat dit opgepas het, al sy drie duisend kamele en die slawe wat daarmee gewerk het, sy sewe seuns en drie dogters. Hy beland op die ashoop met aaklige sere en net 'n potskerf waarmee hy hom

kan krap as dit te erg jeuk. Hy begin al die vrae vra wat jy al dikwels vra. Hoekom doen God dit aan 'n mens? Hoe moet ek God verstaan? Wat het my gehelp om te probeer om as mens van God te lewe? Was dit dan alles tevergeefs?

Drie van sy vriende kom nou na Hom toe. Eers sit hulle net sewe dae en sewe nagte by hom. Dit lyk of hulle goeie vriende is! As Job uiteindelik die stilte verbreek en sy geboortedag vervloek, is hulle geskok dat 'n Godsmen so kan praat. Dan begin hulle vir hom teologiese lesings gee. Hulle dink hulle verstaan God. Hulle sê alles werk volgens die teologiese reël: God straf sonde. Daarom as sulke rampe jou tref, beteken dit maar net een ding. Jy het sonde gedoen. Daarom kom God jou by. Hulle dink hulle kan God maklik verklaar. Jy kan God vasvang in 'n formule. Jy kan maklik sê hoe God is

Nou na sy vriende klaar gepraat het, nou praat Job. Nou kyk hy op na die sterbesaaide hemel en sien hoe die maan agter die vlieswolke heen seil. Hy begin hy weer nadink oor God. Hy onthou alles wat hy deur sy ouers se stories oor God geleer het, hoe God sy magstryd teen die seemonsters gewen het en orde in die wêreld gebring het. Hoe hy 'n grens gestel het vir die see, ook 'n grens tussen lig en donker. Hy erken God se opperheerskappy, selfs tot in die doderyk, waar hulle voor Hom sidder en beef. Hyself het al God se krag in die natuur ervaar, die wonder van wolke en reën en donderstorms. Hy het selfs al die geweld van 'n aardbewing beleef. Hy het al beleef hoe klein 'n mens dan voel voor die grootheid van God.

Dit alles bring hom in verwondering en tot aanbidding van God. Hy stamel 'n eenvoudige belydenis uit: "Dit is maar die begin van sy dae, ons hoor net die gefluister van sy woorde. Maar die volle krag van sy dae, wie kan dit verstaan?" As jy dit alles ervaar het, het jy maar nog net gekom aan die buitewyke van sy magsgebied. Jy het nog maar net van ver af 'n uitkyk gehad op sy magsvertoning, 'n veraf toeskouer. Jy is te klein om die volle donder van sy dae te verstaan.

Hoe sal moderne mense dit verstaan. Dalk help die beeld van 'n rekenaar? Want al is die rekenaar so geweldig slim, is daar mense wat slimmer as hy is. Want dit was mense wat hom gemaak. As jy jou rekenaar verstaan, is jy sy baas. Hy staan in jou diens. Jy kan hom laat doen wat jy wil hê dat hy moet doen. Maar nou is jy natuurlik nie God se baas nie. Hy is die Opperser. Daarom kan jy Hom nie verstaan nie. As jy Hom sou kon verstaan, sou Hy nie meer die baas wees nie, maar sou jy dit wees. Presies dit is wat Job vir ons wil sê. Omdat jy nietige skepsel is, kan jy nie God verstaan nie. Jy kan ook God nie vasvang in 'n formule nie. Jy kan nie sommer maklik sê hoe God is nie. Al wat jy kan doen is om Hom te aanbid.

Miskien moet ek nou eers vir jou 'n ander storie oor God vertel. Dit is die storie van God en sy Seun – sy oudste Seun. Ja, God het 'n Seun gehad – 'n model Seun, 'n Seun na 'n man se hart op wie jy kon trots wees. Hy het nooit sy Vader selfs een dag teleurgestel nie. Hy was altyd gehoorsaam, het altyd gedoen wat Hy van Hom gevra het. Voorwaar 'n model seun. Maar God het ook ander kinders gehad. Hulle was nie sulke model kinders nie. Intendeel. Hulle was regtig skarminkels. Hulle het omtrent niks gedoen wat God wou hê nie. Hulle het gesteel en geroof en mense uitgebuit. Hulle het kinders

gemolesteer. Hulle het oneerlik besigheid gedoen en mense verneuk. Hulle het met mekaar getrou, maar nie om mekaar gelukkig te maak nie. Trouens baie keer was dit een groot hel gewees. Op die ou einde het hulle geskei en nie 'n flenter omgee hoe seer hulle kinders in die proses kry nie.

Daarom het hulle in groot moeilikheid beland. Hulle is in die tronk gegooi en het gevaar geloop om ter dood veroordeel te word. Toe het God sy oudste Seun, sy goeie Seun na hulle gestuur om hulle te kom help. Hy het Hom uitgelewer aan die skeel regter, wat toe hy na Hom gekyk het die spul skurke raak gesien het en toe hy na die spul skurke gekyk het Hy God se Seun goeie raak gesien het. Hy het besluit dat God se goeie Seun gekruisig moes word, terwyl Hy die spul skurke vrysprek en hulle boonop herstel as God se regte egte kinders. Toe een Vrydag, op 'n heuwel buite Jerusalem is die vonnis voltrek en het die goeie Seun van God gesterwe in die plek van die skurke. God was so hartseer, dat Hy dit vir drie ure donker laat word het sodat niemand kon sien hoe Hy huil nie.

Verstaan jy dit? Nee, ek verstaan dit hoegenaamd nie. Dit is ver bo my verstandsvermoë: "Dit is maar die begin van sy daad, ons hoor net die gefluister van sy woorde. Maar die volle krag van sy daad, wie kan dit verstaan?"

Miskien moet eers maar net wat stil word en die wonder van God se liefde probeer deurdink. En dan maar net God aanbid – erken Hy is groter as ons. Hy is die opperheerser. Ons verstaan maar min van sy grootheid, maar ons wil Hom aanbid. En ons wil ons lewens aan Hom toevertrou.

5. Om oorhoops te wees met God

Job 27:1-23

Ek weet nie hoekom nie, maar op een of ander manier gryp die verhaal van Job ons almal aan. Miskien is dit omdat Job se storie so 'n tydlose storie is. Ja, dit 'n storie wat wel eendag gebeur het, lank-lank gelede. Die slim mense meen dat Job in die tyd van Abraham geleef het, maar tog is dit 'n storie wat net sowel vandag kon gebeur het. Ek het in my kort lewetjie al heelwat Jobstories belewe. Het dit nie dalk al met jou gebeur nie? In dieselfde week wat jou ouma oorlede is, het jy nie net jou motor in 'n ongeluk afgeskrywe, maar het ook die vrieskas se motor uitgebrand en jy en jou vrou het oor 'n klein onbenulligheid 'n yslike uitval gehad en boonop het jou kind 'n baie belangrike eksamen gedruip. Ek is seker jy het al so iets ervaar – miskien nie heeltemal dieselfde nie, maar nogtans Dalk het jy ook 'n Jobstorie.

Jou wêreld het letterlik in duie gestort. Jy sit letterlik op die ashoop. Jy worstel om dit alles te deurdink en te verstaan. Jy vra oneindig baie vrae. Jy verstaan nie hoekom dit juis met jou moes gebeur het nie. Veronderstel dit is in so 'n tyd dat die dominee en die ouderling kom huisbesoek doen. Eers sit en luister hulle jou storie uit. Dit lyk vir jou lyk of hulle hulle inleef in jou hartseer omstandighede. Maar toe die dominee die Bybel vat en begin lees, groei jou onrus al meer hoe verder hy lees. Miskien het hy Ps. 112 gelees: "Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat al sy vreugde vind in die geboorte van die Here. Sy nageslag is 'n sterk krag in die land, die geslag van die opregte word geseën: daar is oorvloed en rykdom in sy huis. Wat hy doen, is reg en blywend: hy laat sy lig in die donker uitstraal vir die opregtes, hy is genadig, barmhartig en regverdig. Dit is 'n goeie mens wat hom ontferm en wat uitleen en in al sy sake reg optree. Die regverdige sal nooit wankel nie, hy sal altyd onthou word. Vir slegte tyding is hy nie bevrees nie, hy is gerus, hy vertrou op die Here. Hy voel hom veilig, hy is nie bevrees nie: hy sal die neerlaag van sy vyande aanskou. Hy gee mildelik vir die armes. Wat hy doen, is reg en blywend. Hy geniet hoë aansien. Die goddelose sien dit en raak ontsteld, hy kners op sy tande van magteloosheid. Van die begeertes van die goddelose kom daar niks." As die dominee klaar gelees, maak hy eers keel skoon en vra dan: "Broer en suster, dink u nie u moet, na aanleiding van wat in hierdie Psalm staan en na aanleiding van dit wat alles met u gebeur het, weer indringend na u eie lewe kyk nie. Wil die Here nie dalk vir u sê dit is omdat u so ver Hom lewe dat al hierdie dinge met u gebeur nie? Is dit nie dalk God se manier om jou nader aan Hom te trek nie?"

Jy trek jou asem in. Dominee, maar jy verstaan nie. Daar is niks fout met my verhouding met die Here nie. Ek gaan gereeld kerk toe. Ek hou gereeld my stiltetyd. As gesin hou ons saam huisgodsdienste. Hoe durf u sê, daar skort iets met my verhouding met die Here? Natuurlik is ek nie volmaak nie, maar my basiese verhouding met die Here is reg.

"Maar broer, suster", hamer die dominee voort, "die Bybel is tog duidelik: Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien. En dit gaan sleg met die goddeloses en jy het nou net vir

ons sit en vertel hoe sleg dit met jou gaan. Dit is tog duidelik. Dit gaan sleg met jou omdat jy so ver van God af leef."

Wat sal jy die dominee antwoord? Miskien gryp jy dan Job se woorde in ons gelese gedeelte. Want jy sit dan in presies dieselfde bootjie as Hy. Jy voel soos hy: God het my verontreg! Dominee, so waar as vet die Here het my reg van my af weggeneem. Die Almagtige het my die bitter lyding aangedoen het. Want ek het reg teenoor Hom gelewe. As ek terugkyk oor my lewe, kan ek nie onthou dat ek iets verkeerds gesê het nie. Daarom dominee, kan ek jou nie gelyk gee nie, kan ek nooit toegee dat julle reg het nie: tot my dood toe sal ek volhou dat ek onskuldig is. Ek bly daarby dat ek reg het, ek sal daarvan nie afsien en my my lewe lank daarvoor verwyt nie.

Dit is dapper woorde vir 'n mens om te sê, is dit nie? Ek verwonder my so 'n bietjie aan Job! Maar wat anders kon hy sê. Het God dan nie self aan die begin van die boek teenoor die satan getuig: "En my dienaar Job, het jy hom raakgesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad." Job sê maar net van homself wat God reeds van hom gesê het. Leer dit nie dalk vir ons as God se kinders iets oor hoe ons oor onself moet en kan praat nie. As God in sy woord van ons praat as mense wat geroep is om aan Hom te behoort (1 Kor 1:2, N.V) ("geroepe heiliges" – O.V), moet ons nie meer so oor onself praat en so begin lewe nie?

Miskien kry jy dan lus om die dominee en sy ouderling warm plek toe te stuur. Dit klink vir my dit is wat Job gedoen het. Hy verklaar sy sogenaamde vriende tot goddeloses en lewer hulle dan uit aan God. Hy sit as 't ware God soos 'n kwaai hond op hulle. "Mag dit met my vyande gaan soos met die goddeloses, met my teëstanders soos met dié wat onreg doen. Watter hoop het die godlose as sy lewe afgesny word, as God sy lewe opeis? Sal God sy hulpgeroep hoor as rampe hom oorval? Vind hy vreugde in die Almagtige? Roep hy God altyd weer aan?"

Dan wil Hy vertel van sy ervaring met God – en hoe God met goddeloses werk. God tref hulle met rampe. Hulle kinders sterf in oorlog en hulle kinders deur hongersnood. Die wat die hongersnood ontsnap kom, word deur pes getref. Die weduwees het nie eers tyd of lus om 'n ordentlike begrafnis te hou nie. Hulle verloor al hulle besitting oornag - die regverdiges kom in besit daarvan. Die een natuurramp na die ander tref hulle, eers 'n watervloed, dan 'n stormorkaan. Hulle verloor alles wat hulle gehad het en dit is asof die wind daaroor bly is en spottend lag. So sê Job, het hy God leer ken. Hy kom die goddelose by en seën die regverdiges.

Arme Job! Hy het so in vervoering geraak toe hy sy vriende aan God uitgelewer het, dat hy nie eers agtergekome het dat hy homself vasgepraat het nie. Hy kom nie eers agter dat hy so pas 'n prentjie van homself en sy situasie geteken het nie. Hy sê nou presies wat sy vriende gesê het. Hy onderskryf presies dieselfde teologiese stelreël as hulle: God staf sondaars Daar is self verklaarders wat sê dat dit inderdaad Sofar is wat dit gesê het. Maar dit is tog Job wat aan die woord is. Hy maak maar wat ons ook maak. Hy meet met twee

maatstawwe – een vir sy vriende en 'n ander vir homself. Hy weier om homself raak te sien in die spieël. Hy wil sy eie preek nie op homself toepas nie. Hy is skoon verward.

Juis dit maak sy storie waar! Presies dit maak sy storie aktueel. Sy storie word my storie. Dit is presies die prentjie ook van ons worsteling met God. Dit is presies wat my gebeur as ek aan die worstel raak met God om sy doen met my te wil verstaan. Ons het van te vore gesê ons kan God nie verstaan nie. Maar ons probeer dit telkens doen. En hoe harder ons probeer, hoe meer verward raak ons in die proses, en hoe meer praat ons ons vas – en ervaar dit as iets pynliks. Ons probeer verstaan, maar die verstaan bly uit. God weier om Hom in 'n formule te laat vasvang, sodat ons Hom daarmee sou kon verklaar. Al waarvan ons bewus is, is 'n spul verwarrende emosies. Ons eie logika haal ons in. Teenoor die dominee en sy ouderling kan ek nog heftig my onskuld handhaaf maar as ek alleen is, en dit is donker, en ek rol rond op my bed en wens dat die dag moet breek, dan is ek nie meer so seker van my saak nie. Dan wonder ek of ek regverdige is of goddelose sondaar. Dan raak ek pynlik bewus van my onvermoë as mens om voor die aangesig van God te lewe. En vra ek: Is daar nie inderdaad nog dinge in my lewe wat my van God skei nie? Is daar nie dalk nog plek waar ek moet gaan reg maak nie?

Ken jy hierdie worsteling? Weet jy waarvan ek praat? Miskien kan jy dan iets verstaan van Jesus se worsteling in die tuin van Getsémané. Hier worstel die één Onskuldige Mens om God se wil te verstaan en veral om te vrede maak met sy Vader sy wil. Die Bybel se vertelling van hierdie gebeure is so kort, so in telegram-styl, dat ons dalk nie beseft wat se worsteling dit was nie. In een kort versie word die inhoud van sy gebed weergegee: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydenskoper by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil." Maar tog was die gebed so lank, dat die dissipels aan die slaap kon raak! Nee, dit was nie maar net een kort een-sinnetjie gebed nie, maar 'n naglange worsteling om vrede maak met sy Vader se wil.

Nou is juis hierdie naglange worsteling van die Man van Smarte belangrik vir jou en my eensame gevegte met God. Dit bied vir my die sleutel om te kom by aanvaarding van God se wil in my lewe. Hierdie sleutel is nie my onskuld nie – ek hoef dit nie te bewys nie – maar sy onskuld – en dit is bewys! Omdat Hy vrede gemaak het met sy Vader se wil, en dit later aan die kruis van Golgota volbring het, kan Hy my weglei van die ashoop van my lewe na ware hoop – hoop gegrond op sy liefde. Nou kan ons, al word ons soos slagskape behandel, nogtans verseker weet: "God is vîr ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?"

God noem ons sy uitverkorenes – so praat Hy oor ons. Wie kan ons dan aankla? God self spreek ons vry. Niemand kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. Daarom kan niks ons van die liefde van Christus skei nie. Nie lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard nie. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars want Hy het ons lief. Daar kan ons weet, beter as wat Job dit kon weet: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of

kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

6. Wysheid is om in 'n besondere verhouding met God te staan

Job 28:1-28

Ons is nog steeds besig met Job se geveg met God. Job wat met God veg om God te kan behou. As ons aan Job dink, dink ons onmiddellik aan lyding, aan seerkry. Seerkry is aan min van ons vreemd. Ek wonder of daar een enkele gesin is wat nie êrens 'n stukkie seer het waarmee hulle moet saamlewe nie. As jy oor seerkry wil praat, is daar baie, baie min mense wat nie weet waarvan jy praat nie. Soms weet ander nie eers daarvan nie. Hierdie seerkry het dikwels krisis-afmetings. Miskien weet jy dat die woordjie krisis eintlik keuse-oomblik. 'n Krisis dwing jou uiteindelik om 'n keuse te maak, 'n besluit te neem Juis hierdie keuse wat jy moet neem, dwing jou tot die eenvoudige gebed: "Here, gee my wysheid."

Miskien is jy bekommerd oor jou tiener seun. Toe hy vir die eerste keer huis toe kom met 'n ring in die oorbel, het jou hart so 'n ruk gegee. Jy het die genade ontvang om niks te sê nie, maar hier binne jou was daar 'n kreet: "Ag, Here, nie my kind nie!" Jou volgende skok het gekom toe hy sy rapport van die skool af gekom het. Jy het begin om snags rond te rol en jy het so bang gevoel gekry as jy dink wie deesdae sy maats is. Jy is nie meer seker waar hy altyd is as hy nie tuis is nie. Jy weet nie of jy jou verbeel het en of jy werklik drank geruik het nou die aand toe hy so laat ingekom het nie. En die ergste is, is dat julle praat met mekaar lankal opgedroog het. Dit voel vir jou of jy jou kind êrens langs die pad verloor het. Al wat jy weet is dat jy een of ander tyd iets moet doen, maar jy weet waaragtig nie wat nie. In jou groei maar net elke dag die gebed: "Here, gee my jou wysheid!"

Of miskien is jy bekommerd oor jou bejaarde ouers, wat vinniger het verswak is wat jy gehoop. Jy weet onherroepelik dat jy iets sal moet doen oor hulle versorging. Jy het al 'n paar plannetjies gemaak, maar nie een van hulle het uitgewerk nie. En intussen het jou alternatiewe min geword, sodat jy uiteindelik ook maar net teruggedwing word na die gebed: "Here, gee my wysheid!"

En dit is presies die punt waar Job nou is. Tot nou toe het hy al baie gepraat in antwoord op sy vriende se teologiese raad. Hy het Bildad verwyt dat hy ondanks sy hoë teologie niks vir hom kon doen, niks kon sê om hom te troos nie. Hy was voorts verwonderd oor die grootheid van God se skepping en moes uiteindelik in aanbidding voor Hom buig. En tog het hy weer voor die versoeking begin swig om te probeer verstaan. Teenoor sy vriende het Hy volgehou dat Hy onskuldig is, dat die algemene teologiese stelreël dat God sonde straf nie op hom van toepassing gemaak kan word nie, want hy is onskuldig voor God. Maar toe hy in sy frustrasie sy vriende aan God wou uitlewer, toe trap hy in die slaggat om dieselfde vergeldingsteorie van sy vriende onderskryf. Hy wou vir sy vriende preek, maar kon uiteindelik nie sy eie preek op homself toepas nie. En so het hy homself

vasgepraat. En nou sak hy op sy knieë met die eenvoudige gebed: "Here, gee my wysheid!"

En dit doen hy deur 'n aangrypende gedig, wat jy eerder in Hebreeus moet lees om die werklike skoonheid daarvan te ontdek. In hierdie gedig gaan hy op soek na wysheid. En nou is hy ook maar net mens van sy tyd en soos die mense van sy dag dink hy dat wysheid hoofsaaklik vaardigheid is, tegnologie en kennis. En daarom skryf hy 'n aangrypende gedig oor die gevorderdste tegnologie van sy dag, mynbou. Hy vertel van die mense se groot vaardigheid om die onderaardse minerale deur fyn tegnologie, in verafgeleë gebiede te ontdek en deur groot inspanning, harde werk en tegnologie te ontdek en te ontgin en te verfyn

Hy graawe 'n skag in die woestyn, waar niemand woon nie. Daar in die onherbergsame dele vestig hy 'n myn, waar hulle silwer uithaal, ontwerp hulle 'n plek waar goud gesmelt word. Hulle is instaat om yster uit die grond te haal en koper uit erts te smelt. Waar hy gewoon was om kos uit die aardbodem te haal, ervaar hy nou die wonder dat die aarde daar diep onder oopgebreek word met vuur. (Het hulle dan al dinamiet geken?) Uit die klip van die aarde haal hulle saffier en korreltjies goud.

Daar diep in die maag van die aarde maak hy op vindigryke wyse voorsiening vir lig, want hy moet tog kan sien wat hy doen. Hy bewerk die harde rots met sy hande, hy keer die dieptes van die berge om. (Ek wonder wat sou hy gesê as hy gesien het wat ons mense hier op Thabazimbi met 'n berg aangevang het) Verder graawe hy gange deur die rots, stop hy waterare toe om uiteindelik groot aardse skatte na die oppervlakte te bring.

Maar die mens wat dit alles kan doen, is hy nou wys? Verstaan hy hoe werk God se kop? Het hierdie ver tegnologiese gevorderde mens nou wysheid? Soveel wysheid dat hy 'n antwoord het vir die raaisels van ons lewe? Kan hy vir my sê hoekom juis ek kanker moes kry? Kan hy nou vir my verduidelik hoekom juis ek met vervroegde pensioen moes gaan, my swaarverdiende pensioen geld in 'n besigheid gaan insteek het en toe gaan hierdie besigheid onder? Kan daardie geharde myner wat sulke netjies skietwerk ondergronds kan doen ook aan sy vrou verduidelik hoekom juis hulle 'n mongooltjie as geskenk uit die hand van die Here moes ontvang? "Maar die wysheid, waar word dié gevind, waar is die woonplek van die insig?

Moet ons nie soos Job erken? "Die mens ken nie die waarde daarvan nie, en dit word nie in die land van die lewendes gevind nie. Die diep waters sê: 'Dit is nie in my nie,' die see sê: 'By my is dit nie!' Ook ons as moderne mense moet sê: Maar ten spyte ons briljante tegnologiese vaardighede, in ons nie instaat om, sonder hulp, die grootste skat van almal, wysheid te vind nie. Ons kan al die skatte in die aardkors vind en ontgin, maar is nie instaat om wysheid in die "land van die lewendes" te ontdek nie. Al ons skole en universiteite, laboratoriums en na-vorsingsentrums kan ons oneindig baie kennis gee, maar geen wysheid nie. Ons wêreld het al talle briljante mense opgelewer. Maar dieselfde

brijante mense weet nie waar die wysheid is nie. Geen mens en selfs nie eers die magte van die onderwêreld weet waar die wysheid is nie

Ons kan dit ook nie op die mark koop met al die skatte van die wêreld nie: "Goud kan dit nie koop nie, sy waarde kan nie in silwer afgeweg word nie. Daarvoor kan nie betaal word met die goud van Ofir of met kosbare oniks en saffier nie; goud en glas kom nie daarby in waarde nie, vir voorwerpe van fyn goud kan 'n mens dit nie ruil nie. Koraal en kristal word nie eers gereken nie, wysheid is baie meer werd as pêrels. Topaas uit Kus kom nie daarby in waarde nie, selfs met suiwer goud kan jy nie daarvoor betaal nie."

Die wysheid, waar kom dit vandaan? Waar is die woonplek van die insig? Uiteindelik, sê Job: Geen mens en selfs nie eers die magte van die onderwêreld weet waar die wysheid is nie. Al Een wat wysheid het, is God. Die enigste een wat weet, is God wat almagtig en alsiende is. Net Hy het die antwoord op die raaisels van die lewe. "Net God weet hoe die pad daarheen loop, net Hy ken die woonplek van die wysheid, want Hy sien die verste eindes van die aarde, Hy aanskou alles onder die hemel. Toe Hy die krag van die wind bepaal het en die waters uitgemeet het, toe Hy vir die reën reëls gemaak het en 'n pad vir die weerlig aangewys het, toe het Hy die wysheid gesien en daarvan vertel, toe het Hy dit vasgestel en deurvors"

Maar dan kom Job met 'n verrassing. God self het die mens in die geheim ingelaat. Dit beteken nie dat Hy 'n klinkklaar antwoorde op al ons raaisels gee nie. Nee, Hy gee vir ons net die essensie, die uiters noodsaaklike wat ek moet weet. Daarmee wil Hy ons help met die keuse wat ek in die krisistyd moet maak. Die essensie is: Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig." Die Hebreeus is haas onvertaalbaar: Die vrees van die Here – dit is wysheid. En ek het eintlik nie woorde om vir jou te sê wat die woorde "vrees vir die Here" beteken nie. Die klink soos om bang te wees vir die Here maar dit is nie dit in werklikheid nie. Daar is wel so iets daarvan. Miskien is die woord ontsag beter maar ook nie weer heeltemal nie. Dit is eintlik om by sy voete te gaan kniel in totale onderworpenheid, jou totaal uit te lewer aan sy gesag, jou totaal te onderwerp aan sy koningsheerskappy, jou geheel en al oor te gee, om dan te ervaar hoe Hy afbuk na jou toe en jou op sy skoot tel en jou styf vashou en Hy jou later daarvan wegstuur, getroos maar met die opdrag om as sy kind in die wêreld te lewe - om voor sy aangesig elke dag te lewe. Dit is wysheid. Dit is al hoe jy as mens gelukkig kan wees.

Wysheid is om in die krisisoomblik reg te kies. Dit is wat Job gedoen het. Teen sy vrou se raad: "Vervloek God en sterf!", in hou Hy maar net vas aan God: "Jy praat nou soos 'n vroumens sonder verstand. As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?"

En juis op hierdie punt gee God Job gelyk teen sy vriende in. Job voldoen aan die vereiste van wysheid: "Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad. (Job 2:3) Die Here sê sy kneg Job is wys – nie omdat hy al die raaisels ken nie, al die waarom-vrae kan beantwoord nie maar omdat hy tenspyte van die raaisels,

reg kies. Al verstaan hy nie waarom hy moet ly nie, kies hy doelbewus om aan God vas te hou, is Hy self bereid om met God te veg om Hom te behou.

En sodat jy en ek in ons seerkry dae, in ons krisisoomblikke reg kan kies, staan daar op 'n dag 'n Man voor 'n regter. Hierdie man was vroom en opreg. Hy het God opreg gedien en het werklik van die kwaad afgewyk. En teenoor die siniese regter wat vra: "Wat is waarheid?" getuig Hy: "Ek is die waarheid. Ek is die wysheid! Ek het gekom om dit vir mensekinders moontlik te maak om aan God vas te hou. Want sien, Ek het kom wys hoe lyk God se hart. Ek het kom wys hoe voel God oor jou, sodat jy ook in jou seerkry dae beslis kan weet: Ek kan aan God vashou, omdat dit eintlik Hy is wat vir my vashou en my nie wil laat los nie. Want Hy het my lief – tot die uiterste lief, tot by die kruis van Golgota lief. Hy het vir my gekies, en Hy sal nie toelaat dat enigiets, selfs nie my hartseer my uit sy hande sal ruk nie.

7. Nou verstaan ek glad nie!

Job 29:1-25

As jy dalk hierdie stukkie lees en jy hoor dat God met jou praat, moet jy dit beskou as Gods wonder. Dit is nou nie 'n sarkastiese opmerking, maar 'n stelling gebaseer op feite. Die feit is in hierdie gedeelte het God glad nie gepraat nie. Hier is dit maar net Job, 'n mens wat praat. Hy probeer nie eers namens God praat. Hy vertel ook nie van God nie. Hy getuig nie van God nie. Nee, hier het ons die mens op sy laagtepunt: Hy besig om met God te baklei. In sy baklei draai hy geen doekies om nie. Dit is 'n kaalvuis geveg hierdie – 'n geveg sonder reëls, sonder rondtes, 'n geveg tot die bitter einde. Geen wonder dat van die kommentators Job beskryf as arrogant.

Maar al kan ons nie God nie direk hoor praat in hierdie gedeelte, help hierdie gedeelte ons om iets anders te doen, naamlik om ons met Job te identifiseer. Job praat hier as 't ware namens ons. Hy sê reguit in God se gesig wat ons dalk ook al baie wou sê, en nie die moed gehad om dit so in woorde uit te druk nie, omdat ons dalk voel dat 'n mens nie so met God mag praat nie.

Miskien het jy ook al langs iemand se siekbed gesit. Miskien was jy ook verslae oor die omvang van die ellende, die pyn en die afgetakelde mens wat hiervoor jou lê. Dit wat jou dalk die meeste vang, is dat hierdie mens so gestroop is van al sy menswaardigheid, totaal uitgelewer aan die genade van ander en dit is nie juis baie nie. Terwyl jy so na hierdie siek mens lê en kyk, dink jy omwillekeurig terug aan sy lewe wat verby is. Miskien was hy 'n Godvresende mens, 'n gereelde kerkganger, selfs dalk 'n ouderling en kategeet in sy gemeente. Hy was iemand wat 'n oop hart en hand vir ander gehad, wat miskien homself tekort gedoen het om ander te kon help. In die gemeenskap was hy gerespekteerde man, een wat nie teuggedeins het van gemeenskapsdiens nie, wat altyd sy kant gebring, betrokke was by ander mense en hulle nood. Hy was 'n gesinsmens en getroue lewensmaat. Hy was iemand wat 'n goeie pa vir sy kinders was, vir hulle net die beste wou gee.

Nou lê hy hier in die aller vreeslikste ellende. Onwillekeurig skiet 'n gedagte in jou kop wat jy nie eers wil waag om uit te spreek nie. Dit grens vir jou aan die Godslasterlike: "Dit het hy nie verdien nie!" Al wil jy dit onderdruk, kom dit telkens maar weer terug, dring die gedagte hom met toenemende felheid aan jou op, sodat jy uiteindelik met jou eie skuldgevoelens moet worstel.

Nou wil Job vir jou en my sê: Jy mag dit maar doen. Jy mag dit maar waag en die gedagtes wat in jou kop lewe onder woorde bring, uitspreek waar God jou kan hoor. Jy mag maar eerlik met God wees – eerlik oor jou pyn en seer, en vertwyfeling, jou nie-weet-wat die antwoorde is nie.

Want, sal Job vir ons sê: Ek self het dit gewaag. Ek kon so met God praat want Hy was my vriend. Ons kon openlik met mekaar praat. Ek kon voor Hom wandel, met Hom van aangesig tot aangesig met Hom praat. Dit was nie nodig om doekies om te draai nie. Net solank jy nie oor Hom skinder nie, oor en van Hom praat, maar uiteindelik met Hom praat. Dit is wat Job in hierdie gedeelte doen. Dit is asof hy nie nou meer met sy vriende praat nie, maar met God.

Nou verlang hy terug na die ou dae, toe hy en God nog op goeie voet was: "Kon dit maar weer met my gaan soos lank gelede." Hy verlang na die dae toe God hom beskerm het, toe hy ek nog 'n vertroueling van God was. God het hom geseën met sy teenwoordigheid, saam met sy kinders. Ten spyte van die aanslae van die lewe, droogte en peste, was daar altyd iets om te eet – volop dikmelk en strome olyfolie.

Hy was 'n gerespekteerde mens, wat sy plek in die stadspoort vol gestaan het, wat deur oud en jonk gerespekteer was, wie se mening en raad nie sommer in die wind geslaan is nie. Die mense het hom geken as 'n omgee mens – wat met medelye opgetree het teenoor die armes, wat die hart van die weduwee bly gemaak het, wat reg en geregtigheid laat geskied – dit was vir hom net so natuurlik en vanselfsprekend as om klere aan te trek. Blindes en kreupeles en armes sou nie tevergeefs by hom om hulp aanklop nie. En veral kon hy nie verdra dat daar onreg teenoor ander gepleeg word.

So was Job. So het hy voor die aangesig van God gelewe. Daarom het hy iets anders van God verwag. Dit wat hom nou te beurt val het hy nie in die minste verwag nie. Hy sê: "Daarom het ek gedink: ek sal eendag sonder sorge sterf in my eie huis, my lewensdae sal meer wees as wat daar sand is, ek sal wees soos 'n boom met sy wortels by die water en elke môre dou op sy takke, ek sal altyd nuwe krag hê, ek sal my man kan staan." Job sê: "Dit het ek nie verdien nie!"

Job is ongelooflik dapper. Hy beroep hom op sy eie verdienste. Miskien kon hy met goeie reg hom beroep op sy eie verdienste. Dit klink self of God hom gelyk gee. Het Hy dan nie heel aan die begin getuig: "Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad." Al het Elifas dit dalk so 'n bietjie anders onthou: "Is jou verkeerde dade dan nie baie nie? Daar is geen einde aan al jou sondes nie. Sonder regverdiging het jy van jou eie familie goed in pand gevat, jy het die klere van dié wat niks het nie, van hulle afgestroop. Jy het vir dié wat uitgeput was, nie water gegee nie en geweier om vir dié wat honger was, kos te gee. Jy, 'n ryk man, het grond in besit gekry, jy, 'n man van aansien, woon daarop. Maar jy het weduwees met leë hande van jou af weggestuur en weeskinders sonder heenkome gelaat." (Job 22:5-9)

Nou sal ek nie 'n uitspraak wou gee oor Job se onskuld of nie. Ek weet net dit wat hy doen, 'n ongelooflike gevaarlike speletjie is: Om 'n balansstaat op te stel van jou goeie dade en jou sonde en om dan te hoop die goeie dade-kant die swaarste weeg. Ek weet nie van Job nie, maar ek sien nie kans vir so 'n speletjie nie. Want alhoewel ek hier en daar 'n goeie daad kan tel, raak ek bang as ek my versuim om goed te doen en my verkeerde doen begin optel. Ek twyfel nie vir 'n oomblik hoe dié balansstaat daaruit sal

sien nie. Ek sidder as dit die manier is waarop God met ons sal werk, want dan het ons nie eens 'n kat se kans nie.

Die goeie nuus is egter dat God weier om op die balansstaat manier te werk. Dwarsdeur die boek Job weier God om betrek te word in die argument tussen Job en sy vriende of Job se sonde die aanleidende oorsaak van sy ellende is. Nee, God werk net nie op die manier nie. Gelukkig werk Hy nie op die manier nie!

Hy werk op die manier van die genade. So het Hy dit vir Paulus gesê, toe Hy op 'n dag sy Job-stryd baklei het teen die doring in sy vlees: My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." God werk nie met verdienste nie, maar met genade nie.

Nou beleef ons dit nie altyd as goeie nuus nie. Miskien omdat ons nie genade verstaan nie. Of dalk omdat ons genade te vernederend ervaar. Genade is liefde vir 'n bedelaar. Dit is wat die moordenaar aan die kruis voor die poorte van die hel weggeruk het op nommer 99. Genade wil hê jy moet opkyk. Genade verwag jy moet alles net van Hom verwag. Jy moet die paar goeie dade wat jy op jou balansstaat sou wou vermeld as rioolvuil, as drek afskryf (Fil.3:8). Dit vat nogal so 'n bietjie aan jou. Dit is om die minste te sê vernederend. Ons hou nie daarvan nie. Maar dit is al uitweg wat daar is. Dit is die enigste reddingstou wat vanuit die hemel na my gegooi word.

Ek het gesê God werk gelukkig nie met verdienste nie, maar ek was so 'n klein bietjie verkeerd. God werk met verdienste, maar nie met my verdienste nie. God werk met die verdienste van Jesus Christus. Hy het met 'n skoon balansstaat voor die regter verskyn. Maar die regter wou nie na sy skoon balansstaat kyk, want op een of ander onverklaarbare wyse is my balansstaat om sy nek gehang en op my klagstaat is Hy skuldig bevind en na die kruis van Golgota gestuur om gekruisig te word.

Hierin lê ook ons troos. Ja, ook in ons lyding, in ons seerkry oomblikke, weier God nog steeds om met die skema van my verdienste te werk. Goddank, Hy werk nie daarmee nie. Wie van ons sou dit dan gemaak het? Ons kan nie ons balansstate gebruik om die onverklaarbare raaisel van lyding en seerkry te probeer verklaar nie. Ons moet die raaisel nog steeds in God se hande laat.

Ek mag maar met God oor my seerkry en my angs en my nie verstaan praat. Dit is die wins van die boek Job. Job raai ook vir jou en my aan om eerlik – tot op die been eerlik – met my nood en angs, my verwarde emosies, my bitterheid en soeke na verstaan na God te gaan en met Hom daarvoor te praat. Wie weet, dalk gebeur die wonder ook met dat ek ten spyte van my nie-verstaan, tot die belydenis kom: Ek het God gesien – nie meer van hoorsê gehoor nie – maar van aangesig tot aangesig gesien. Ek het sy liefde gesien. Ek het sy sagte aanraking gevoel en ek weet my Verlosser leef en uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer – triomfeer ook oor my seer en angs!

8. God ingesleep by die lyding van mense?

Job 30:1-31

Is jy ook al dik vir Job? Hoe lank moet ons nog luister na die klagtes van 'n man wat voel dat die lewe hom iets skuld. Ons is nie veel anders as die meeste mense nie. Daar is min van ons wat 'n aanhoudende gekerm en gekla kan vat. Jy gaan kuier tog soms vir jou ouma, maar as jy daar kom en dit is presies dieselfde klagtes as al die vorige kere, dan voel jy amper spyt jy het gekom. Jy het tog nie lus om dit weer aan te hoor en jy kan in elk geval niks daaraan doen nie.

Maar het jy jou al ooit ingedink in die situasie van die mens wie se seerkry net nie aan 'n einde wil kom nie, die mens wat elke dag van sy lewe pyn het, die mens wat geen uitkoms in sy situasie sien nie, die mens wat al soveel keer te vergeefs gebid het dat sy doring in die vlees tog weggeneem moet word? Het jy al vir jou self al gevra hoeveel dra jy by tot die seerkry van mense wat alreeds seer gekry het? Is jou ongeduld met mense se ka oor hulle seer nie dalk die mes wat jy in die wond indruk nie? Is jou onverskillige houding nie juis die sweepslae wat op die reeds gemartelde rug val nie?

Dit is waaroor Job kla in hierdie gedeelte wat ons gelees het. Hy verbysterd oor dit wat aan mense aan mense doen in ons lewe. Het jy al ooit daaraan gedink dat al groot tragedies in ons wêreld plaasvind omdat mense verskriklike dinge aan mense doen, of dit nou die rassemoorde in Bosnië, Tsjetsjnië en die Kongo is, of die godsdiensoorlog in Ierland en of dit maar net 'n skoolkind is wat 'n ander oor 'n gebrek spot. Mense doen verskriklike dinge aan mekaar. Mense verneder mense, mense skend mense se menswaardigheid.

Daaroor kla Job. Hy het ervaar dat mense hulle verlustig in sy seerkry. Dit is nie juis mense wat iets in die lewe is nie. "Maar nou lag hulle vir my, mense wat jonger is as ek, mense wie se vaders ek nie werd geag het om saam met die honde my kleinvee op te pas nie. Buitendien, wat sou hulle vir my kon beteken? Hulle is tot niks in staat nie: hulle is uitgeteer deur gebrek en honger, hulle kou snags aan droë stokke in die dorre woestyn; hulle pluk aan brakbossies en struik, die wortels van die besembos is vir hulle kos; hulle is uitgestoot uit die gemeenskap, daar word op hulle geskel soos op diewe; hulle woon in die beddings van spruite, in gate in die grond en tussen die rotse; hulle balk soos wildedonkies tussen die struik, hulle soek skuiling in die bossies; hulle is mense sonder verstand, sonder eer, uitgedryf uit die land. "

Hulle is self is niks, Nou sing hulle spotliedjies oor hom. Dit is mos soos mense is. Hulle is net gelukkig as hulle ander kan aftrek, as hulle ten koste van ander grappies kan maak. Job ervaar wat ons ook dikwels ervaar dat mense hom uitlag en bespot. Mense is mos verskriklik wreed met mense. Van die wreedste mense wat daar is, is skoolkinders, wat alleen groot kan wees as hulle ander kan verneder en in die modder kan trap.

Job sê: Nikswerd mens het hom bespot. Hulle het Hom verafsku. Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, hulle het hom nie gereken nie. Dit is vir hulle niks om hom in die gesig te spoeg nie. God het hom weerloos gemaak, hulpeloos; mense het hom nie meer met eerbied behandel nie. Die gespuis hom goedsmoeds aangeval, hom my onderstebo gestamp, sy ondergang bewerk. Hulle het sy lewenspad opgebreek, hom vernietig sonder dat iemand hom wou help. Soos deur 'n wye bres het hulle op hom afgestorm, daar waar hy tussen die puin hope gesit het.

Hy is deur angs oorval. Van sy aansien het daar niks oorgebly nie. Enige hoop op uitkoms het soos 'n wolk verdwyn. Snags skiet die pyne deur sy liggaam – knaagpyne wat nie end kry nie. So kla Job oor sy lot – en ons het nie juis lus om daarna te luister nie. Ons is dik vir Job!

Skielik verander Job van wysie. Hy doen wat ons as mense ook baie keer doen. Hy beleef die seer wat mense hom aandoen en dan sleep hy God by sy seerkry in. Dan gebruik hy 'n woord wat nie vreemd is vir ons nie: Geweld. Sinnelose geweld waarvan die koerante en TV-nuus vol van is. Hy sê God tree met geweld teenoor hom op. Skielik is dit nie meer mense wat Hom seer maak nie maar God. God word in die beskuldigde bank ingesleep. God kry die skuld vir ons nalatigheid, ons roekelose bestuur van ons motors, ons verwaarlosing en misbruik van kinders, ons minagting van die menswaardigheid van mense, ons ongevoeligheid teenoor die nood van mense. Ons maak God die groot geweldenaar in ons land. Soos Job beskuldig ons Hom: "Deur die groot geweld van God hang my klere vormloos aan my, word ek gewurg soos deur 'n boordjie om my nek. Hy gooi my in die modder asof ek stof en as is. Ek roep na U om hulp, maar U antwoord my nie. Hier staan ek, maar U steur U nie aan my nie. U draai U teen my met u geweld, U val my aan met mag."

Ons gee te dikwels vir God die skuld vir ons lyding. Dit doen ons selfs met 'n beroep op ons belydenis. Ons gee dit 'n groot naam, praat van die voorsienigheid van God en sê ons verstaan daarmee: "Die almagtige en oral teenwoordige krag waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy eie hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vader hand toe kom." Ons sê ewe vroom dat niks buite die wil van God gebeur nie. Dit wat bedoel was om ons geloof te bely in die Vader wat sorg, gebruik ons baie keer om mense se verskriklikhede teenoor ander op God se rekening te laat kom. Natuurlik erken ons met hierdie belydenis God se regeer oor die wêreld. Maar hierdie belydenis kan nie gebruik word om God die skuld te gee van alles wat in ons wêreld verkeerd loop nie. Ons moet ook met skaamte bely dat baie teen die wil van die Here gebeur. God is tog nie verantwoordelik vir die sinlose geweld wat in ons wêreld plaasvind nie. Wie sou so 'n God kon aanbid en vereer? Moet al die moord en verkrachtings op God se rekening kom? En al die korrupsie en bedrog? En Bosnië en die Kongo? Dit is teen die wil van God. Hy is

daarteen. Hy veroordeel dit. Dit alles is mense wat dit doen – mense wat ook daarvoor onder die oordeel van God sal kom. Nee, ons kan nie God so maklik insleep by ons lyding in die wêreld nie.

En tog tog het God Homself ingelaat by die lyding van ons mense. Maar so anders as wat ons kon dink. Hy kom ons lyding in – nie as die bewerker en die aanstigter daarvan nie – maar as medelyer. Hy kom ly saam met ons.

Die gedeelte wat ons uit Job gelees, klink ontstellend net soos 'n ander gedeelte, wat in die Nuwe Testament vir ons opgeteken is. In Matteus 27 lees ons van hoe 'n klomp soldate 'n sekere Man geneem het en toe nog hoe 'n klomp ander soldate nader geroep het om saam te kom om Hom te verneder. Hulle het sy klere van sy lyf afgestroop – Is daar onmensliker daad as dit? Toe trek hulle Hom 'n pers kleed aan – maak van Hom 'n spotkoning. Hulle het ook 'n kroon van doringtakkes gevleg en op sy kop gedruk. In sy regterhand stop hulle 'n stok. Dit was kamma sy septer. Toe begin hulle met Hom gekskoor. Hulle buig voor Hom en sê spottend: "Goeie dag, u edele, o koning van die Jode." Hulle het Hom ook bespoeg en Hom met sy "septer" oor sy kop geslaan.

Nadat hierdie niks werd mense – mense wat alleen iets kon wees as hulle 'n ander kon verneder – hulle genoeg vermaak het met die spottery, het hulle die pers klere teruggevat en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Daarna het hulle die pad gevat na die plek waar hulle gewoonlik die mense gekruisig het.

Nou weet ons presies wie hierdie Man was wat so onder mense se hande en die menslike tong moes deurloop. Dit was Jesus, die Seun van God – God wat Hom ingelaat het met ons lyding, Hom laat insleep het in ons seerkry. Hy het Hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het Hy gedra. Maar ons het Hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is Hy deurboor, oor óns sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom. Hy is mishandel, maar Hy het geduldig gebly, Hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as Hy geskoor word, het Hy nie gekla nie. Terwyl Hy gely het en gestraf is, is Hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van mense. Hy het 'n graf gekry by goddeloses, Hy was by sondaars in sy dood al het Hy geen misdadig gepleeg nie en al was Hy nooit vals nie.

Dit is die wonder wat ons in die lydenstyd herdenk: God wat Hom kom inlaat het in ons nood, ons seer, sodat ons, wat in Hom glo, vir geen enkele oomblik kan twyfel dat ons lyding Hom raak nie, dat Hy ook deur ons 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wil vorm, waarop Hy geen lyding, geen tranes sal duld nie. Daarom wil Hy hê dat jy en ek nie so gou dik sal word vir die Job-mense onder ons en al hulle klagtes nie, en ons onttrek aan hulle

nie, maar dat ons steeds sal voortgaan om betrokke wees by hulle seerkry, iets sal konkreets doen, tekens sal oprig van die nuwe hemel en die nuwe aarde wat op pad is.

9. Skuldig? Vrede met God?

Job 31:1-40

In die meeste regstelsels werk dit so dat jy onskuldig is totdat dit bewys is dat jy skuldig is. As dit anders om sou werk, m.a.w. as dit sou wees dat jy skuldig is totdat jy jou onskuld bewys het, dan sou dit nogal lol. In 'n regstelsel waar jy jou onskuld moes bewys, voordat jy onskuldig verklaar word, sou jy nogal gesukkel het.

Dit was min of meer Job se situasie. Sy vriende se standpunt was dat dit sy eie sonde is wat die oorsaak is van al sy ellende. Volgens hulle teologie het dit so gewerk: God straf sonde en seën die mens wat reg lewe. As Job in die uiterste ellende verval, moet daar eenvoudig na sonde gesoek word. Gou-gou het sy een vriend Elifas 'n klagstaat gereed gehad: Hy sê Job het van sy eie familie goed wederregtelik in pand gevat, hy het die klere van die armes van hulle afgestroop. Hy het nie water gegee nie aan die wat dit nodig gehad het nie, ook nie kos aan die wat honger gely het nie. Hy het in groot rykdom gelewe, maar wou nie vir die arme weduwee en die wese versorg nie. Hy het gedink God sien hom nie. Hy het meer op sy rykdom vertrou as op God. Dit is waarom al hierdie dinge oor Hom gekom. Daarom raai Elifas hom aan: "Onderwerp jou aan God, dan sal jy in vrede leef, en so sal jy voorspoed hê."

Maar Job se probleem was dat hy nie skuldig was op dié klagstaat nie. Nou het die gesprek met sy vriende 'n doodloopstraat bereik. Hulle sê: "Jy is skuldig." Hy sê: "Ek is nie!" Wat nou?

Nou wend Job hom tot 'n uiterste maatreël – tot iets wat vir ons as westerlinge vreemd is, maar nogal gebruiklik was in die destydse wêreld van die Bybel: 'n eedswering. Dit kom daarop neer dat hy 'n vloek oor homself uitspreek as dit nie is soos hy sê nie: "As ek die spoor byster geraak het, my deur my begeerte laat lei het en my hande besoedel het, laat ander mense eet wat ek gesaai het, of laat my gesaaides uitgeruk word. As ek my deur 'n ander se vrou laat verlei het en gretig geloer het na my buurman se deur, laat my vrou dan vir 'n ander man koring maal, laat ander by haar slaap." Dit wat Job nou doen, was natuurlik destyds 'n uiters gevaarlik ding om te doen, want hulle het baie meer as ons geglo in die krag van die woord. Jy sê nie sommer so 'n ding as jy nie baie seker is van jou saak nie, want anders bars die hel oor jou kop los. Woorde het krag gehad. Job stel sy hele lewe en toekoms op die spel. So oortuig is hy van sy saak.

Dan stel hy sy verdediging op. Hy stel 'n eltelange lys op van dinge wat hy nie gedoen nie, waarop hy onskuldig pleit en hierdie lys dek omtrent alles wat ons as gewone mense maar daagliks mee worstel, waarop min van ons onskuldig op sal pleit. As 'n mens na hierdie lys kyk besef jy Job en Jesus verskriklik eners oor die dinge gedink het. Soos Jesus lê die verkeerde vir Job nie net in die dinge wat 'n mens doen, maar wat in jou kop lewe. Ware vroomheid is nie maar net 'n lys van dinge wat ek moet doen en nie doen nie, maar is 'n lewensingesteldheid, 'n grondhouding voor God – "om bedagsaam te lewe voor jou God." Hoe om voor die aangesig van God te lewe het Jesus vir ons kom leer stel in die bergrede. Ek sukkel maar met die bergrede, het al gehoop dat dit kan uit die Bybel kom; sê dat Jesus was nie toe ernstig nie, was toe Hy gevra het vir o.a. liefde vir die vyand, geen vergelding teenoor die kwaadwillig mens nie, en 'n totale verbod op kwaad

word. Job sê hy sien kans vir die bergrede! Hy skrik nie daarvoor nie. Hy sê hy kyk nie eers na 'n vrou om haar te begeer nie. Sy gedagtes is skoon. Hy weet: "God hou my paaie dop en tel elke tree wat ek gee." Daarom kan hy ook eerlik besigheid doen. Hy hou nie twee weegskale aan - een vir die aankoop en 'n ander vir die verkoop nie. Selfverryking en korrupsie is nie sy speletjies nie. Ook die huwelik is vir hom heilig. Sy sekretaresse word nie maar net op 'n goeie dag vir hom so mooi, omdat sy eie vrou hom kwansuis nie meer verstaan nie en nie meer aan sy behoeftes voldoen nie. Hy weet nie wat beteken die woord "seksuele teistering by die werkplek" nie.

Hy het agtergekom dat sy verhouding met God wel deeglik iets te sê het met sy verhouding met sy werknemers. Hy werk glad nie met die konsep van goedkoop arbeid nie. Die belange van sy werknemers het vir hom 'n hoë prioriteit. Hy sal nie sommer hulle kontrakte eensydig verander om hom beter te pas nie. "Wat sou ek kon doen as God van my rekenskap eis, hoe sou ek my kon verweer as Hy my tot verantwoording roep? Het Hy wat my in die moederskoot gemaak het, hulle nie ook gemaak nie? Het Hy ons nie almal gevorm nie? Soos Jakobus verstaan hy: "Egte en suiwer godsdienst voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld. (Jak.1:27) Jesus sou hom, wat Job is, nie kon verwyt dat Hy honger was maar niks by hom te ete gekry het nie, of dors was en niks te drinke sou kry, of kaal was en nie klere ontvang het nie. Nooit sou hy die regsposisie van 'n weeskind uitbuit in sy eie belang nie. "Het ek my hand teen 'n weeskind opgelig omdat ek kon reken op die partydigheid van die regters? As ek aan iets hiervan skuldig is, mag my bo-arm afgeskeur word van my skouer af, mag my arm afgebreek word."

Mammon, die geldgod het nie hy gedien nie, deur sy vertrouwe op goud te stel nie. Sy grootste vreugde het hy nie gevind in rykdom nie of in besittings nie. Aan die eerste gebod van geen ander gode hou hy vas met sy lewe. Die rubrieke "Soos die sterre voorspel" in die populêre tydskrifte laat hom koud, want hy weet daar is maar net een God wat sy hele lewe in die holte van sy hand het. Nee, aan afgodery maak hy hom nie skuldig nie. "Dit sou 'n sonde wees wat gestraf moes word, want dan sou ek God daarbo verloën het."

Hy het hom nie verheug oor die ongeluk van sy vyand nie, en was nie bly as 'n ramp hom tref nie? "Nee, ek het nie met 'n enkele woord gesondig en hom dood gewens nie." Sy liefdevolle versorging het selfs verder gestrek as sy eie werksmense. Selfs teenoor die vreemdeling, die vlugteling wat die werksgeleenthede kom opraap in 'n land wat reeds gebuk gaan onder 'n enorme groot werkloosheid, kon hy nie liefdeloos optree. Hy bly ook tog skepsel van God, wat genade nodig het.

Dit is net te goed om waar te wees. Is Job nie maar bietjie skynheilig nie? Hy vra: "Het ek soos ander my oortredinge weggesteek en my sonde vir myself gehou omdat ek vir die mense bang was en die minagting van die familie gevrees het?" Kyk, ek leef tog voor die aangesig van God. En dit is voor Hom wat ek my saak stel.

Ook aan die natuur het Job hom nie vergryp nie. Hy was nie 'n uitbouter van die aarde se hulpbronne nie. "As die grond wat ek bewerk, 'n klag teen my het en sy ploegvore saam sou protesteer, as ek sy opbrengs verteer het sonder vergoeding aan sy eienaars en hulle van honger laat vergaan het, mag daar dan dorings groei in plaas van koring, onkruid in plaas van gars."

Job doen die ongelooflike. Hy daag God uit! God moet sy klagstaat opskrif stel, dat die hele wêreld dit kan sien en hy wat Job is hom kan verantwoord. Hy is bereid om in die openbaar verhoor te word. "Ek kan rekenskap gee van elke tree wat ek gegee het, ek kan my teëstander met vrymoedigheid tegemoet gaan." Hy is darem seker van sy saak, né?

En God glimlag tog in die hemel: "Maar Job, wie het gestry?. Nie Ek nie. Jou skuld of onskuld was nog nooit 'n saak by My nie. Dit is jy en jou vriende wat dit kom insleep in 'n saak wat niks daarmee te doen het nie. Julle het sonder rede jou seerkry aan die moontlikheid van sonde verbind. Wie het julle die reg daartoe gee? Dit was nog nooit ter sprake nie." Die vraag is: het jy vrede met God. Dit het Job klaarblyklik nie gehad nie. Ten spyte van sy voortreflike getuigskrif het hy tog nog geen vrede met God gehad nie. God was nog steeds vir hom 'n teëstander, 'n vyand. Job en sy vriende, soos ons, verstaan verkeerdelik dat 'n mens van die aarde kan opklim na God – om deur jou goeie daadjies in God se goeie boekies te probeer kom, vrede met God kan hê. Maar dit kan mos nie! Daar kom alleen vrede tussen God en mens as God afbuig na die mens toe, as God na die mens begin soek, "Waar is jy?", as God met die mens begin praat.

Dit is mos wat Job ook ervaar het. Toe hy met God baklei het, Hom wou oortuig van sy onskuld, het niks gebeur, het daar geen vrede gekom nie. Maar eers nadat God gepraat het, en hy wat Job was, moes luister, toe het die vrede gekom – die vrede wat alle verstand te bowe gaan. Dit weet ons baie goed. Daarom hoef ek nie voor God te verskyn met 'n ellelange getuigskrif van my bekwaamhede en deugde nie. Nee, ek staan voor God met die getuigskrif van Jesus Christus, wat nie alleen die wet onderhou het nie, maar self wetgewer was, wat die grondwet wat Hy kom afkondig het, ook kom voor lewe het, kom doen het. Ja, as ek uiteindelik voor God verskyn, verskyn ek voor Hom in die geloofswete dat my klagstaat aan die kruis gespyker is en dat my sonde hoegenaamd nie 'n faktor is, as ek dalk êrens moet ly nie. Op die lyding het ek nie altyd 'n antwoord nie, maar dit kan ek rustig in sy hande laat in die een wat ek bely as Opperheer.

10. Nou het ek U self gesien

Job 38 - 42

Ons het nou saam die boek Job deur worstel, opsoek na die vraag na die sin van lyding – die lyding waarmee ons elke dag gekonfronteer word, wat ons soms hoegenaamd nie verstaan. Die vraag wat die boek Job probeer beantwoord, is of die vergeldingsleer werk. Dit was die algemene geldende teologie van sy dag. Is dit waar dat God mense altyd beloon en straf volgens hulle dade? Dit is tog wat die boek Spreuke sê. Die boek werk met 'n oorsaak-gevolg skema waarvolgens die mens vergeld word volgens sy dade: voorspoed en sukses is die resultaat van 'n goeie daad terwyl teenspoed en onheil die gevolg is van 'n slegte. Die Here sorg dat dit goed gaan met die regverdige en met die goddelose gaan dit sleg. Dit is wysheid. Teenoor wysheid staan dwaasheid, wat ongeluk en mislukking bring. As die mens gehoorsaam aan die Here lewe, dan sal hy vir hom 'n gelukkig Dit vorm die basis van die vergeldingsleer.

Job se vriende sluit hierby aan, maar hulle keer dit ook om: As dit sleg met jou gaan is daar net een rede daarvoor: Jy het sonde gedoen. Job protesteer daarteen. Hy het aan sy eie lyf ervaar dat dit nie waar kan wees nie. Hy bring God in die beskuldigebank in. Job se vriende se antwoord word deur God verwerp. Die vriende het verkeerd oor God gepraat. Hulle het gedink dat hulle God met behulp van hulle teologiese skema kan verklaar. Maar ook Job se rebelse reaksie word afgewys. In God se antwoord (Job 38 - 39) dwing Hy Job om sy verset te staak. Hy kan nie eers die skeppingsorde, die wêreld en die wonders van die natuur verstaan nie; hoe wil hy dan in 'n registryd wedywer met die Skepper daarvan? Tog lê die digter se simpatie by Job. Job gee nie maklike antwoorde soos sy vriende nie, maar is 'n eerlike worstelaar. Hy , soos die vriende se vergeldingsleer sou eis nie, maar **na** God toe oorwin. Hy word gedwing om sy verset te laat vaar en rus te vind in die wete dat God se bestuur van die lewe net so onverstaanbaar, maar net so sinvol is, as sy ondeurgrondelike bestuur van die skepping.

Miskien moet ons by Job gaan leer wat dit alles beteken. As daar nou een mens was wat dalk met reg kon sê dat God onregverdig is, dan is dit Job. Op 'n dag het hy alles wat hy gehad het verloor. Dit terwyl die Bybel sê dat hy vroom en opreg was. Dwarsdeur die boek worstel hy om God se optrede met hom te verstaan. Hy het vrae gevra; sy vriende het raad gegee, maar hy kon nêrens kom nie, want God het geswyg. Uiteindelik hier aan die einde van die boek het God gepraat. Maar toe was dit nie 'n gemoedelike onderonsie nie. God praat vanuit 'n storm en skielik verander die situasie. Nou is dit God wat die vrae vra en is dit Job wat onder elke vraag ineen moet krimp. “Wie is dit wat besig is om my bedoelinge te dwarsboom met woorde wat getuig dat hy geen insig het nie.” Wie bevraagteken God se besluit sonder dat hy weet waarom dit gaan? En dan stapel God die een vraag na die ander op. Die bedoeling is duidelik: God is majesteus groot. Job is 'n nietige stippeltjie: “Waar was jy toe Ek die aarde se fundamente gelê het? Praat as jy die antwoord het. Wie het die aarde afgemeet? Weet jy dit? Wie het 'n maatlyn oor hom gespan?” (Job.38:4-5) “Wil jy my beslissing tot niet maak? Wil jy My skuldig verklaar sodat jy vrygespreek kan word? Het jy die mag wat Ek het? Kan jy jou stem uit die onweer laat

hoor soos Ek? Tree dan op met jou trots en jou groot mag, handel in jou majesteit en heerlijkheid.” (Job.40:3-5)

Teen hierdie aanval van vrae is Job nie bestand nie: Al wat hy kan sê is ‘n belydenis: ““Ek is nie opgewasse teen U nie. Hoe sou ek U kon antwoord? Ek sal liever stilbly. Ek het gepraat, maar ek kon nie 'n antwoord vind nie, ek het weer geprobeer, maar nou sal ek stilbly.” En later: “Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie.”

As ons oor God wil praat, kan ons maar net met hierdie Jobs-gesindheid praat: u wonderdade was te groot vir my, ek kan dit nie verstaan nie. Jy raak maar net bewus van sy majesteuse grootheid aan die eenkant en jou kleinheid aan die ander kant. En dit sluit die wete in dat menslike woorde hopeloos tekort skiet as jy oor God wil praat en ook sy verkiesing. Uiteindelik bly daar oneindig baie oor wat nie gesê en verstaan kan word nie. Uiteindelik kan ek maar net bely: Ek is uit genade gered. My redding kom uitsluitlik op God se rekening. Hy het my gekies. “ Ek weet my Verlosser leef!” Ek verstaan dit nie. Maar ek glo dit. Ek kon geen bydrae lewer nie, want ek van huis uit sondaar. Nêrens elders is God se grootheid en my kleinheid so sigbaar as juis in die verkiesing en my redding.

Job het letterlik 'n uitval met God gehad, en dit was nie sonder wins nie. Daarom kom hy later sê: "Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien. (Job 42:5)